VRYSTAAT LANDBOU
FREE STATE AGRICULTURE

## INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1**

Prosedure in die rapportering van verdagte aktiwiteite / voorvalle / inligting aan die SA Polisiediens………………………………………………………………………………… 3.

**HOOFSTUK 2**

Bewaring van veediefstal misdaad tonele…………………………………………… 3.

**HOOFSTUK 3**

Skadevergoeding vir vee verliese........................................................................ 6.

**HOOFSTUK 4**

Belangrikheid van Veeregisters vir vee-ienaars....................................................... 7.

**HOOFSTUK 5**

Artikel 2 van die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet 57 van 1959) ……………………… 7.

Artikel 42 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) tov privaat arrestasies..… 9.

Skedule 1 Misdrywe – veediefstal verwante voorvalle…………………………………… 9.

Artikel 4 Betreding ingevolge die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet 57 van 1959) ……… 10.

Artikel 6 Dokument van identifikasie: verwisseling van eienaarskap van vee............ 10.

Regulasie 1685 gedateer 30 September 1994........................................................ 11.

Artikel 8 Verwyderingsertifikaat vir vee en produkte.................................................. 12.

**HOOFSTUK 6**

Wet op Identifikasie van diere, 2002 (Wet 6 van 2002)………………………………….. 13.

Ouderdom van vee vir merk van beeste, skape, bokke en varke ……………………… 14.

Hoe verskyn die merke op diere?………………………………………………………… 15.

Sleutel tot Brandmerk simbole…………………………………………………………… 16.

Proforma - Artikel 6 identifikasie dokument ……………………………………………….. 17.

Proforma - Artikel 8 verwyderingsertifikaat………..……………………………………… 18.




ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

**HOOFSTUK 7**

Munisipale bywette – permitte vir vee op munisipale gronde ………………………….. 19.

Geregistreerde skutte in die Vrystaat…………………………………………………… 19.

**HOOFSTUK 8**

Invoer van diere vanaf buurlande na die RSA (Wet op Dieresiektes, 1984

(Wet 35 van 1984) ........................................................................................... 20.

**HOOFSTUK 9**

Wet op Veiligheid van Vleis, Wet 40 van 2000 – Art 7 - Verbod op die slag van diere op `n ander plek as `n geregistreerde ..................................................................... 21.

Regulasie 129: Slag van diere, vir godsdienstige of kulturele doeleindes . ............ 21.

**HOOFSTUK 10: KONTAK BESONDERHEDE VAN VEEDIEFSTAL EENHEDE IN VRYSTAAT**……….................................................................................... 22.

**HOOFSTUK 11: AANHANGSELS**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## HOOFSTUK 1: PROSEDURE IN DIE RAPPORTERING VAN VERDAGTE AKTIWITEITE/ VOORVALLE / INLIGTING AAN DIE SA POLISIEDIENS

Weet u wat is die kontak nommer van u plaaslike polisiestasie en hoe gereeld toets u die nommer om vas te stel of dit werk of nog bestaan. Sou die nommer nie werk nie (weens onvoorsiene of ander omstandighede) is daar `n alternatiewe nommer of persone wat u by die polisiestasie, selfs na-ure kan skakel?

**Rapporteer verdagte aktiwiteite / voorvalle / inligting oor veediefstal.**

- Skakel u plaaslike polisiestasie en of `n betroubare kontak persoon in die SAPD en rapporteer die verdagte aktiwiteite / voorval / aan hom of haar. Verduidelik waar die verdagte aktiwiteite plaasvind en wat daar gebeur. Indien moontlik wys ook die perseel / verdagte persone / verdagte voertuie uit aan die betroubare kontak persoon. U kan anoniem bly maar indien u bereid is om u naam te gee verskaf ook `n kontak nommer.

- Stel vas met wie u praat en bekom die persoon se rang en van.

- Doen observasie oor die verdagte aktiwiteite of persone en moenie self optree sonder die SAPD se teenwoordigheid nie.

- Tree op as informant vir die ondersoekbeampte van die Veediefstal en Bedreigde Spesie-eenheid (VBS) wat veediefstal binne u area ondersoek.

- U kan ook inskakel op `n Anti-Stock Theft WhatsApp groep en verdagte / vermiste of gevonde vee sirkuleer in `n poging om die eienaar op te spoor.

- Moenie vertroulike inligting op die WhatsApp groep versprei nie.

**<u>Onthou:</u>**

Skakeling en samewerking met die SA Polisiediens en ander rolspelers is van uiterste belang om misdaad in die land en oor lands grense aan te spreek, sonder om hande te vat en saam te werk gaan ons nêrens kom nie.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## HOOFSTUK 2: BEWARING VAN VEEDIEFSTAL TONELE

**Belangrik om te weet:**

`n Veediefstal misdaad toneel moet dieselfde gesien word soos enige ander misdaad toneel (bv moord, huisbraak, ens,). Die doel van ondersoek op die misdaad toneel is om bewyse in te samel om die deelname van `n verdagte aan die misdaad te bewys.

Dit is belangrik dat u weet hoe om die toneel en bewyse te hanteer. Leidrade of bewyse wat beskadig of vernietig word kan nooit vervang word nie. **(Kontak die SAPD en onmiddelik in u area om u van hulp te wees op `n toneel)**

- Sodra u `n veediefstal toneel ontdek word, beveilig dit onmiddelik, hou veewagters / werkers / toeskouers / ander vee weg van die toneel.
- Verduidelik ook aan u werknemers / veewagters die prosedures vir die bewaring van tonele.
- As die toneel nagegaan word, beweeg alleen en probeer om nie op enige spore of bewyse te trap nie.
- Doen jou waarnemings maar moet niks skuif of van die toneel verwyder nie.
- Moenie probeer om die toneel self te ondersoek nie, spore en bewyse kan vernietig word.
- As die vee uit `n kraal gesteel is, hou die ander vee in die kraal anders kan dit spore of ander bewyse om die kraal vernietig.
- Spore op die toneel moet beskerm word teen wind, reën en ander faktore. Plaas `n oop gesnyde drom of plastiek houer oor die spoor en gou die kante met grond toe sodat die wind nie onder deur die drom of houer kan waai en die spoor vernietig nie.
- Moenie die spore volg nie of veewagters stuur om vir spore te soek nie, wag eerder tot die SAPD opdaag. Anders word te veel spore getrap wat later misleidend kan wees.
- Geknipte heinings moet nie herstel word voordat daar draad monsters geneem is nie.
- Kettings en slotte wat geknip of gesaag was moet ook bewaar word.

- Geslagte vee (karkasse) op die toneel moet nie verwyder word voordat vleis / bloedmonsters vir DNA en foto`s van die toneel geneem was nie. Poog om bloed op karkasse wat in die son en wind lê met skoon plastiese sakke toe te maak sodat die DNA nie vernietig word nie.
- Papiere / dokumente / bottels / sigaret houers, kleding stukke, ens. waarop vingerafdrukke of DNA moontlik mag wees, moet nie hanteer word nie.
- Gebreekte ligte of ander voorwerpe wat moontlik met voertuie verbind kan word moet ook net so gelaat word. Wys dit aan die SAPD uit vir forensiese ondersoeke.
- Bewyse of items op veediefstal tonele is onbeperk maar kan die volgende insluit:

  - Skoen / voertuig / perd / voet / kruiwa spore
  - DNA – bloed / vleis / voertuie / kleding stukke / hande van verdagtes ook onder naels
  - Pensmis (rumen)
  - Vingerafdrukke
  - Verf merke van verdagte voertuig teen laaibank / hekke
  - Gebreekte ligte van voertuie
  - Drade geknip
  - Slotte geknip of gesaag
  - Toue
  - Vullis
  - Bier bottels / blikkies
  - Sigaret boksies
  - Sigaret stompies (DNA)
  - Menslike ontlasting
  - Vuur maak plekke
  - Messe
  - Sakke
  - Tange
  - Kleding stukke
  - Enige ander items wat bewys waarde het.

**Ander leidrade om te ondersoek**

Sodra die SAPD of privaat ondersoeker op die toneel opdaag en daar word nie dadelik enige slagplek of leidrade gevind nie, doen en kyk na die volgende:

- Gaan die weikamp of kraal na om te bepaal hoe die vee uit die kraal, weikamp of stoor verwyder is.

- Kyk na slotte en spore by hekke, wat dalk deur van jou eie werkers oop gesluit is en later weer toe gesluit was.
- Kyk na vars merke aan drade, wat dalk los gemaak en weer vas gemaak is.
- Kyk na lyndrade wat dalk oorleen na eenkant en nie regop staan nie, heining pale word opgelig en drade word plat gedruk en weer in dieselfde gate geplaas.
- Kyk na heg draadjies aan "dropper pale", in heining. Die draadjies word los gemaak en drade word gelig en weer vas gedraai.
- As spore verloor word doen `n *sirkel* of *zic zac* deursoeking tot die spore weer opgetel word.
- Kyk na vars mis van die vee wat `n aanduiding sal gee hoe lank terug die diere op die roete geloop het.
- Kyk na die inhoud van die vee mis (mielies / ander voer) wat die diere gevoer word in die kraal.
- Voet en voertuig spore in die kamp / op die plaas sal meer gewig dra in die hof as spore buite die kamp of plaas.
- Kyk vir spore met unieke identifikasie merke. (Snymerke of bande wat skeef afloop, ens).
- Probeer vasstel in watter rigting is die vee gejaag of aangery en maak alarm onmiddelik en sirkuleer die vermiste vee.
- **Sirkuleer `n behoorlike beskrywing van die vee – ras / geslag / getal / kleur / brand en of tattoeër merke / ander merke.**

**Skadevergoeding vir vee verliese:**

Indien die verklaarder die eienaar van die vee is en skade gelei het tydens die pleeg van die misdaad of daarna, kan u die Staatsaanklaer versoek om skadevergoeding ingevolge artikel 15 van die Veediefstal Wet, 1959 (Wet 57 van 1959), gelees met artikel 300 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), deur dit reeds in u verklaring te meld en ook tydens die verhoor proses, maar voor vonnis aan te vra.

**Verwys na die volgende paragraaf in u verklaring tov skadevoergoeding:**

"Ek versoek hiermee die hof, indien iemand skuldig bevind word in diė saak, om skade vergoeding in terme van artikel 15 van die Veediefstal Wet, !959 (Wet 57 van 1959) gelees met artikel 300 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977) vir die bedrag van (…………..) weens my finansiële verlies gelei tydens die pleeg van die misdaad op (datum / periode) te plaas."



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## HOOFSTUK 3: BELANGRIKHEID VAN VEEREGISTERS

`n Veeregister is nie `n register of boek wat huidig deur enige wetgewing voorgeskryf word nie.

**Die doel van so `n register is onder andere:-**

- om rekord te hou van die veegetalle op u plaas of in `n spesifieke kamp, kraal, land, ens.
- om rekord te hou van die datums wanneer laaste getel is.
- om rekord te hou van vrektes.
- om rekord te hou van nuwe kalwers, lammers, ens. bygekom.
- om rekord te hou van vee verkope.
- om rekord te hou van vee aankope.
- om rekord te hou van enige mediese behandeling, dips, ens.
- om rekord te hou van enige vee verliese a.g.v. veediefstal.
- vir belasting (BTW) doeleindes.
- om te bewys wat die vee getalle in die kamp, kraal, ens. was voor die diefstal en ook na die diefstal, wat ook as aanhangsel tot `n A1 verklaring kan dien.

## HOOFSTUK 4: ARTIKEL 2, ARTIKEL 4, ARTIKEL 6 EN 8 VAN DIE VEEDIEFSTAL WET ASOOK HANTERING VAN VERDAGTE VOERTUIE / PERSONE

### ARTIKEL 2 VAN DIE WET OP VEEDIEFSTAL, 1959 (WET 57 VAN 1959) – VERSUIM OM VOLDOENDE REKENSKAP TE GEE VIR DIE BESIT VAN VEE OF PRODUKTE

Die artikel is soortgelyk aan **artikel 36** van die Algemene Wysigingswet, 1955 (Wet 62 van 1955) - Besit van vermoedelike gesteelde eiendom (uitgesluit vee of produkte).

**Artikel 2** verwys dat enige persoon wat in besit van enige **vee** of **produkte** gevind word waar daar is **redelike vermoede** bestaan dat die vee of produkte **gesteel is** en die



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

verdagte **nie voldoende rekenskap** vir sy / haar besit van die vee of produkte kan gee nie, is skuldig aan `n misdryf.

**Eerstens** moet ons kyk wat is die **definisie** van **vee** en **produkte** volgens artikel 1 van die Wet op Veediefstal.

| **Vee** | **Produkte (hele of enige gedeeltes)** |
|---|---|
| (Perde familie) perd, muil, esel | Velle |
| Bul | Huide (verwerkte vel) |
| Koei | Horings van vee |
| Kalf | Wol |
| Vers | Bokhaar |
| Os | Volstruis vere |
| Skaap | |
| Bok | |
| Vark | |
| Pluimvee | |
| Mak gemaakte volstruis | |
| Mak gemaakte wild | |
| Karkas of enige gedeelte van karkas van vee | |

**Tweedens** moet ons kyk hoe sien die hof die beginsel van **redelike vermoede.**

`n **Redelike vermoede** moet ontstaan in die denke / verstand (*mind*) van die vinder dat die vee of produkte gesteel is.

**Die redelike vermoede moet ontstaan vanaf die oomblik wat die vee of produkte in die verdagte se besit gevind is** en nie op enige ander punt nadat die verdagte die vee of produkte van die hand gesit het nie.

`n **Redelike vermoede verlang**, bestaan nie wanneer verdagte in besit van vee of produkte gevind word nie. Dit is ook voldoende indien dit later gevorm word terwyl die verdagte in besit van die vee of produkte is en daar **ander bewyse of getuienis na vôre**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

**kom of die verdagte iets sê wat die vermoede dan vorm.** (Bv. Die verdagte gee `n verduideliking en `n brandmark word getoets en kom uit op klaer waar beeste gesteel is).

**Arrestasie regte en prosedures:** (Art 9 (1) (2) van die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet 57 van 1959) en Art 42 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), asook Art 35 van die Grondwet, 1996 (Wet 106 van 1996) is van toepassing.

Indien die verdagte gearresteer word doen die volgende:

- Identifiseer jouself.
- Meld die rede vir die arrestasie.
- Meld aan hom / haar dat hy / sy die reg het om te swyg.

Visenteer die verdagte(s) dadelik. (Kyk by wie kry u wat en hou rekord daarvan – neem foto`s).

Boei die verdagte(s) indien nodig.

Skei dadelik die verdagtes sodat hul nie met mekaar kan praat om `n alibi te vorm nie (hul word dan maklik uitgevang op hul verduidelikings).

Skakel dadelik die plaaslike SAPD vir ondersteuning en ontbied hul na die toneel.

Moet onder geen omstandighede verdagtes aanrand nie, tensy in noodweer optree.

Moenie verdagtes, sover moontlik vervoer nie, wag maar vir die SAPD.

Moenie verdagte aanrand nie (tensy noodweer ter sprake is).

**Privaat arrestasies:**

**Artikel 42 (1) (a) van die Stafproseswet, 1977** (Wet 51 van 1977) meld ook dat enige private persoon ook enige ander persoon kan arresteer (sonder `n lasbrief) wat:-

- **in sy teenwoordigheid** `n misdryf (soos in skedule 1) pleeg,
- **poog** om te pleeg,
- **of waar `n redelike vermoede bestaan** `n misdryf gepleeg is.

**Skedule 1 misdrywe betrekking op veediefstal verwante voorvalle.**

- Roof.
- Aanranding wanneer `n gevaarlike wond toegedien is.
- Brandstigting.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

- Inbraak of betreding van enige perseel om misdryf te pleeg.
- Diefstal. (sluit in **veediefstal**).
- Ontvangs van gesteelde eiendom wetende dat dit gesteel is.

**ARTIKEL 4, WET OP VEEDIEFSTAL, 1959 (WET 57 VAN 1959) – BETREDING VAN OMHEINDE GROND, KRAAL, SKUUR, STAL OF ANDER OMHEINDE PLEK MET DIE DOEL OM VEE OF PRODUKTE TE STEEL**

In kort verwys die artikel indien enige persoon, op enige manier, die volgende plekke betreë:-

- **Omheinde grond (aan al die kante met voldoende omheining)**
- **Kraal**
- **Skuur**
- **Stal**
- **Enige ander ommuurde plek (stoor, ou huis, ens.)**

Met die doel om **vee** of **produkte te steel**, is skuldig aan `n misdryf**.**

Die persoon gearresteer sal in die hof moet bewys dat hy nie die doel gehad het om vee of produkte te steel nie.

As die beskuldigde op `n pad of voetpad op die plaas gevind word kan dit tot sy onskuld lei. Hy was dalk oppad om vir iemand (familie of vriend) op die plaas te gaan kuier. As hy nie toestemming gehad het om die plaas te betreë nie kan hy van **gewone betreding** ingevolge **artikel 1 (1) (a) Betredingswet, 1959 (Wet 6 van 1959),** aangekla word.

**ARTIKEL 6: DOKUMENT VAN IDENTIFIKASIE – VERWISSELING VAN EIENAARSKAP VAN VEE**

Die Wet op Veediefstal, 1959 (Wet 57 van 1959) is op 23 Februarie 1962 in die Staatskoerant geproklameer en het op 1 April 1962 in werking getree. Dit is dus nie `n nuwe wet nie. Daar is nog nie wysigings in die wet aangebring nie, alhoewel dit in die laaste paar jaar onder oë geneem met die doel om sekere veranderings aan te bring. Alles verander met tyd, en daarom is dit nodig dat daar ook na die wet gekyk word.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

**Artikel 6 (1)** verwys dat **enige persoon** (ingesluit `n aflaer, agent of markmeester) wat ***vee* verkoop, verruil, gee of enige ander wyse vban die hand sit,** moet aan die ander persoon wat die vee ontvang `n dokument van identifikasie oorhandig tydens die lewering.

**Artikel 6** is die dokument wat dus die **oordrag van eienaarskap van *vee* van een persoon na `n ander persoon** reguleer. Die dokument **is nie** van toepassing op ***produkte*** nie.

Daar is `n verskil tussen die inhoud van die artikel 6 en artikel 8 (veeverwydering sertifikaat) dokumente en daarom kan die twee dokumente nie in een dokument saamgestel word nie**. Elke dokument het sy eie doel.**

**Artikel 6(2)** bepaal dat **niemand diere in besit kan neem** wat hy gekoop, verruil of aan hom / haar gegee is (insluitende afslaers en lewende hawe agente) sonder dat hy die artikel 6 dokument daarmee saam ontvang nie.

**Die volgende inligting moet op die dokument verskyn:**

* Die **volle name, van en adres** van die persoon wat die vee verkoop, verruil of van die hand sit en **volle name, van en adres** van die gevolmagtigde van die eienaar wat die vee verkoop, veruil of van die hand sit. (Dit kan jou plaasbestuurder of jou seun wees wat dit namens jou hanteer).
* Die **volle name en van**, **asook adres** van die persoon aan wie die vee **verkoop, verruil of gegee** word.
* **Artikel 6 (3)** bepaal dat die persoon wat die dokument ontvang, vanaf die vorige eienaar of gevolmagtigde, moet die dokument vir `n tydperk van **een jaar bewaar**.

**Regulasie R1685, gedateer die 30ste September 1994, gelees met Artikel 16,** van die wet bepaal dat die volgende inligting ook op die dokument moet verskyn.

- Ras of soort.
- Hoeveelheid.
- Brand-, oor-, tatoeëer en ander identifikasiemerk(e) (as daar is). (Dit kan oorknippe, plaatjies of `n chip wees).
- Indien die vee nie soos bo vermeld gemerk is nie, (m.a.w.) nog n kalf of lam onder die ouderdom is waar dit gemerk moet wees volgens die wet, dan die volgende:

- Geslag en hoeveelheid van elke geslag.
- En kleur.

**Ander besonderhede van belang wat vereis word:**

- Die datum van transaksie.
- `n Sertifikaat deur die eienaar of gevolmagtigde waar gesertifiseer word dat hy / sy die wettige eienaar is of die gevolmagtigde van die eienaar is.
- Die sertifikaat moet onderteken word.

**Nota:** Indien dit nie die eienaar of gevolmagtigde is wat die sertifikaat afgelê en onderteken het nie kan die verdagte in die geval van `n **veediefstal saak** ook op `n verdere klag van **bedrog** aangekla word.

## ARTIKEL 8: VERWYDERING VIR VEE EN PRODUKTE

**WAT IS ARTIKEL 8 VAN DIE WET OP VEEDIEFSTAL?**

**Artikel 8** is die **verwydering sertifikaat** vir **vee** en **produkte** (onthou dit kan n karkas, velle van diere, kop en pote wees) wat aangejaag, gedryf of getransporteer word **op of langs n publieke pad.**

**Artikel 8** van die wet, word as volg beskryf:

- **Geen persoon** mag vee of produkte **dryf, aanjaag of transporteer** (NOU BAIE BELANGRIK) waarvan hy **nie die eienaar** is nie, op of langs `n openbare / publieke pad, **BEHALWE** as hy in sy besit `n verwydering sertifikaat het wat deur die eienaar of gevolmagtigde aan hom uitgereik is.
- Dit beteken dat die eienaar van vee of produkte nie nodig het om `n verwydering sertifikaat in sy besit te hê as hy sy eie vee of produkte vervoer nie.

**Die volgende inligting moet volgens wet op die verwydering sertifikaat verskyn:**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

- Die **naam en adres** van die **persoon wat die sertifikaat uitreik,** (eienaar of gevolmagtigde – dit kan die plaasbestuurder ook wees)

- Die **naam en adres van die eienaar** van die vee.

- Die **bestuurder / persoon van die voertuig** wat die diere gaan **vervoer, dryf of aanjaag** van die een plek na die volgende (punt A na punt B).

- Die **datum**.

- Die registrasie nommer, model en fabrikaat van die voertuig waarmee die diere verwyder gaan word.

**By die vervoer van produkte:**

**Met betrekking tot produkte – meld die volgende**

(i) die soort;

(ii) die getal, hoeveelheid of gewig;

(iii) die identifikasiemerk en nommer (as daar is); en

(iv) indien in `n houer of houers verpak -

(aa) die getal houers; en

(bb) die identifikasiemerk en nommer van elke houer (as daar is)

Enige vrederegter, polisiebeampte, **of eienaar, huurder of okkupeerder van grond** kan van iemand wat verplig is om 'n verwyderingsertifikaat in sy besit te hê, insae van daardie sertifikaat eis moet die persoon wat daardie sertifikaat in sy besit het, dit ter insae voorlê aan die persoon wat dit eis.

## HOOFSTUK 5: WET OP IDENTIFIKASIE VAN DIERE, 2002 (WET 6 VAN 2002)

Die **Wet op Identifikasie van Diere, 2002 (Wet 6 van 2002),** maak die merk van vee verpligtend. Dit help die veebedryf en SA Polisiediens om veediefstal te bestry en om gesteelde vee makliker te identifiseer en terug te vind.

**Die wet is <u>landswyd verpligtend</u> en alle kommersiële diere:-**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

- **beeste,**
- **skape,**
- **bokke en**
- **varke, moet gemerk word.**

**Wanneer moet beeste, skape, bokke en varke gemerk word?**

**Antwoord:**

Sien onderstaande skets.

**Beeste**

Kalf gebore

| (Dag 1) | 1 Mnd) | **(6 Mnde)** | **(2 Tand)** |
|---|---|---|---|
| Geen merk nodig nie | Kan Tattoo (Nie verpligtend) | **Moet merk** Tattoo *of* Brand | **Moet brand (Verpligtend)** |

**Wanneer moet ek my kleinvee (skape, bokke en varke) merk?**

Sien onderstaande skets.

**Skape / Bokke / Varke**

Lam / varkie gebore

| (Dag 1) | **(1 Mnd)** |
|---|---|
| Geen merk nodig | **Moet Tattoo** |

**Hoe verskyn die merke op diere?**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

**Antwoord:**

- **Beeste** – word in die linker of regter oor getattoeër.
- **Beeste –** word op **enige sigbare gedeelte gebrand**, behalwe die **nek** gedeelte. (Die nek gedeelte word deur die Staat gebruik vir siekte simbole).
- **Skape / Bokke / Varke –** word in die **linker en regter** oor getattoeër.

**Sleutel tot brandmerk simbole**

Brandmerk simbole op `n dier kan wissel van 1 tot 3. Dit is soms gevaarlik om 1 of 2 simbole te gebruik aangesien die groot meerderheid brand en tattoeërmerke uit 3 simbole bestaan. Een of twee simbole kan maklik verander word deur nog simbole by te brand, wat eienaarskap kan verander.


Die brandmark op beeste kan op **4 verskillende maniere** voorkom. Al 4 die merke sal uitkom op dieselfde eienaar.

- Horisontaal **A B C**
- Vertikaal **A**<br>**B**<br>**C**
- Driehoekig **A**<br>**B C**
- Driehoekig **B C**<br>**A**

**LW:** Stoet diere sorteer nie onder die wet nie, maar word volgende die reëls en regulasies van die onderskeie **Stoetdiere telersgenootskappe,** ingevolge die **Veeverbeteringswet, 1998 (Wet 62 van 1998)**, gemerk.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300


A A1 A2 A3 S S1 SO
B B1 B2 B3 T T1 T2 T3
C C1 C2 C3 U U1 U2 U3
D D1 D2 D3 V V1 V2 V3
E E1 E2 E3 W W1 W2 W3
F F1 F2 F3 X
G G1 G2 G3 Y Y1 Y2 Y3
H I [ [2 Z ZO 4 5
J J1 J2 J3 ^ ^2 [1 [3
K K1 K2 K3 (1 (3 + -
L L1 L2 L3 6 61 62 63
M M1 M2 M3 7 71 72 73
N NO O 8 81 82 83
P P1 P2 P3 9 91 92 93
Q @ $ $1 FO GO JO PO
R R1 R2 R3 RO * ( (2

# **DOKUMENT VAN IDENTIFIKASIE** (OORDRAG VAN EIENAARSKAP)
# **DOCUMENT OF IDENTIFICATION** (TRANSFER OF OWNERSHIP)

Artikel 6 (1) van die Wet op Veediefstal 57 van 1959
*Section 6 (1) of the Stock Theft Act 57 of 1959*

## A

Besonderhede van die Eienaar wat die vee verkoop, verruil, gee of van die hand sit. / *Particulars of the Owner who sells, barters, gives or in any other manner dispose of the stock.*

Volle name en van / *Full names and surname:* ______________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ______________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ______________________

Volledige Adres / *Full Address:* ______________________

______________________

## B

Besonderhede van Persoon / Gevolmagtigde wat die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand sit. / *Particulars of Person / Duly Authorized who sold, bartered, given or disposed of the stock.*

Volle name en van / *Full names and surname:* ______________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ______________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ______________________

Volledige Adres / *Full Address:* ______________________

______________________

## C

Besonderhede van Persoon aan wie die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit word. / *Particulars of Person to whom the stock is/are sold, bartered, given or disposed of.*

Volle name en van / *Full names and surname:* ______________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ______________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ______________________

Volledige Adres / *Full Address:* ______________________

______________________

## Besonderhede van vee / Particulars of stock:

| Ras of soort *Breed or kind* | Hoeveelheid *Quantity* | Brand-, oor-, tatoeëer- en ander identifikasiemerk(e) (as daar is). *Brand mark, ear mark, tattoo and other identification mark(s) (if any)* | Indien die vee nie soos vermeld in Kolom 3 is nie of indien sodanige merk(e) nie ingevolge enige wet geregistreer is nie. / *If the stock is not marked as stated in Column 3, or if such mark(s) are not registered in terms of any law.* | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Geslag en hoeveelheid / *Sex and quantity* | | Kleur / *Colour* |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

LET WEL: Die laaste kolom is slegs van toepassing as die betrokke vee nie gemerk hoef te wees ingevolge die bepalings van die Wet op Identifikasie van Diere, Nr 6 van 2002, nie.

***Ek sertifiseer dat: Die vee hierbo omskryf my eiendom is (of) ek behoorlik gevolmag is deur die bogenoemde eienaar soos vermeld in paragraaf A om oor die vee te beskik.*** (skrap wat nie van toepassing is nie).

***I certify that: The above mentioned stock is my property (or) that I am duly authorized by the owner of the above mentioned stock who is mentioned in paragraph A, to deal with or dispose of it.*** *(scratch out what is not applicable). PLEASE NOTE: The last column shall only be applicable if the Animal Identification Act 6 of 2002 does not require the marking of such stock.*

______________________
Datum van Transaksie / *Date of Transaction*

______________________
Handtekening van persoon wie hierdie dokument uitreik (Kolom A)
*Signature of person who issues this document (Column A)*

Hierdie dokument moet vir 'n tydperk van een jaar deur die persoon aan wie die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit is, soos vermeld in paragraaf C, in besit gehou word (Art 6 (3) van Wet 57/1959).
*This document must be retained in the possission of the person to whom it has been furnished, as mentioned in paragraph C, for a period of one year (Sect 6 (3) of Act 57/1959).*

Vrystaat Landbou • Free State Agriculture • Tsa Temo Freistata



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

# VERWYDERINGSERTIFIKAAT
# REMOVAL CERTIFICATE

Artikel 8 (1) van die Wet op Veediefstal 57 van 1959
*Section 8 (1) of the Stock Theft Act 57 of 1959*

**A** Besonderhede van Eienaar van die ondervermelde vee/produkte. / *Particulars of Owner of the underneath mentioned stock/produce.*

Volle name en van / *Full names and surname:* ____________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ____________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ____________________

Volledige Adres / *Full Address:* ____________________

**B** Besonderhede van Persoon wat hierdie sertifikaat uitreik (indien verskil van Kolom A). / *Particulars of Person who issues this certificate (if differs from Column A).*

Volle name en van / *Full names and surname:* ____________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ____________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ____________________

Volledige Adres / *Full Address:* ____________________

**C** Besonderhede van drywer, vervoerder of transporteerder van die vee/procukte. / *Particulars of driver, conveyer or transporter of the stock/produce.*

Volle name en van / *Full names and surname:* ____________________

ID Nr. / *ID No.* or Paspoort Nr. / *Passport No.:* ____________________

Selfoon Nr. / *Cellphone No.:* ____________________

Volledige Adres / *Full Address:* ____________________

**D** Besonderhede van voertuig waarmee die vee/produkte vervoer of getransporteer word. / *Particulars of the vehicle used to transport/convey the stock/produce.*

Registrasie Nr. / *Registration No.:* ____________________

Model / *Model:* ____________________

Fabrikaat / *Make:* ____________________

**E** Die Vee/produkte word vervoer, gedryf of getransporteer:
*The Stock/produce is/are driven, conveyed or transported:*

Vanaf (volledige adres) *From (full address)* ____________________ Poskode / *Postal code:* ______

Na (volledige adres) *To (full address)* ____________________ Poskode / *Postal code:* ______

## Besonderhede van vee / Particulars of stock

| Ras of soort *Breed or kind* | Hoeveelheid *Quantity* | Brand-, oor-, tatoeëer- en ander identifikasiemerk(e) (as daar is). *Brand mark, ear mark, tattoo and other identification mark(s) (if any)* | Indien die vee nie soos vermeld in Kolom 3 is nie of indien sodanige merk(e) nie ingevolge enige wet geregistreer is nie. / *If the stock is not marked as stated in Column 3, or if such mark(s) are not registered in terms of any law.* | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Geslag en hoeveelheid / *Sex and quantity* | | Kleur / *Colour* |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

## Besonderhede van produkte / Particulars of produce

| Soort *Kind* | Getal, hoeveelheid of gewig / *Number, quantity or weight* | Identifikasiemerk(e) / nommer(s) van elke houer(s) (indien enige). *Identification mark(s) / number(s) of each container(s) (if any).* | *Indien in houer(s) verpak / * *If packed in a container(s)* | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Getal houers *Number of containers* | Identifikasiemerk(e) / nommer(s) van elke houer(s) (indien enige) *Identification mark(s) / number(s) of each container(s) (if any)* |
| | | | | |
| | | | | |

**Ek sertifiseer dat die vee/produkte hierbo omskryf my eiendom is (of) ek behoorlik volmagtige agent van die eienaar is** (skrap wat nie van toepassing is nie).
***I hereby certify that I am the owner of above mentioned livestock/produce (or) that I am the duly authorised agent of the owner*** *(scratch out what is not applicable).*

Datum uitgereik / *Date issued* ____________________

Verwagte datum van aflewering / *Expected date of delivery* ____________________

Handtekening van persoon wie hierdie dokument uitreik (Kolom A of B) *Signature of person who issues this document (Column A or B)* ____________________

**Geen persoon mag bovermelde vee/produkte waarvan hy/sy nie die eienaar is nie, op of langs 'n openbare pad dryf (aanjaag), vervoer of transporteer indien hy/sy nie in besit is van hierdie sertifikaat nie (sien wetgewing). / *No person may drive, convey or transport any stock/produce of wich he/she is not the owner on or along any public road unless he/she has in his/her posession this certificate (see act).***

Vrystaat Landbou • Free State Agriculture • Tsa Temo Freistata



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## HOOFSTUK 6: SKUT VAN VEE (RONDLOPER DIERE)

Die skut van vee in die Vrystaat word gereguleer deur wetgewing onder andere die **Grondwet van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)**, **Stafproses Wet, 1977 (Wet 51 van 1977)** en andere, asook die **Vrystaat Provinsiale verordening (Provinsiale Koerant No 64 gedateer 18 Oktober 2024)** en **Munisipale verordeninge (o.a. Matjhabeng in Provinsiale Koerant No 70 gedateer 18 Oktober 2024)** en **Nasionale Instruksie 3/2020** van die SA Polisiediens.

Dit is belangrik om daarop te let dat **artikel 24(a) van die Grondwet** bepaal dat **elkeen die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid en welstand nie.** Volgens die **Grondwet Deel B van Skedule 5** het die Munisipaliteit wetlike bevoegdhede, volgens **artikel 155(6)(a) en (7),** wat betrekking het op die **beheer van publieke oorlas, skutte, fasiliteite vir die akkomodasie, versorging en begrawe van diere, munisipale strate, paaie en parkerings en die verkeer daarop of daarin.**

**Ingevolge art 56 g.m. 341(2(a) van die Strafproseswet** kan `n **<u>gemagtigde beampte</u> van die munisipaliteit** `n kennisgewing met `n boete daarop aan `n persoon uitreik, om in die hof te verskyn, wat nie munisipale verordening nakom nie.

**Ingevolge art 25** van **Matjhabeng Munisipale By-Wet moet elke persoon wat met vee op munisipale grond wil boer of die weiding daarvan gebruik** aansoek doen by die Munisipaliteit vir `n weidingspermit. As **meer as 70 stuks vee** aanghou word , word dit geag as `n **kommersiële boerdery.**

Neem kennis dat **12** van die **19 munisipaliteite in die Vrystaat** hul eie verordeninge oor die skut van diere het. Die 7 munisipaliteite wat nie verordeninge het nie is **Mafube (Frankfort area), Metsimaholo (Deneysville area), Moqhaka (Kroonstad area), Ngwathe (Parys area), Nala (Bothaville area), Tokologo (Dealesville area) en Letsemeng (Jacobsdal area).**

**<u>Geregistreerde skutte in die Vrystaat</u>**

1. **Ladybrand** (Mantsopa Diere Skut) - Kontakpersoon: Ntilane Hanyane (Teboho) sel 063 593 0941 of 083 329 7919
2. **Ficksburg en Clocolan -** Kontakpersoon: Samiha Abdulla sel 078 377 0506
3. **Harrismith Skut -** Kontakpersoon: TS Pitso sel 078 925 0834 of (058) 718 3756
4. **Qwa Qwa (Tseseng Skut) -** Kontakpersoon: TS Pitso sel 078 925 0834 of (058) 718 3756
5. **Virginia Skut -** Kontakpersoon: Mnr C Uys sel 083 454 9501

**Diere / vee van buurlande (Lesotho en ander)**

1**. Skut van diere wat betree vanaf buurlande na die Republiek - Art 12(1) Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984)**

'n **Eienaar of bestuurder van grond,** of wanneer 'n eienaar van diere ook vreemde diere onder sy diere vind, enige dier wat hy weet afgedwaal het of onwettig verwyder is van 'n plek buite die Republiek of wat redelikerwys vermoed kan word dat hy afgedwaal of verwyder is, moet hy –

- die **diere isoleer** en dit onmiddellik aan die **Direktoraat Dieregesondheid – Invoer- en Uitvoerafdeling,** Privaatsak X138, Pretoria, 0001 Tel 012 319 7510 Faks 012 319 7644 E-posadres: VetPermits@dalrrd.gov.za, rapporteer.

- **die dier in isolasie aanhou,** hangende die besluit van die direkteur.

- rapporteer die rondloperdiere by jou **plaaslike SA Polisiediens** en **Veediefstal en Bedreigde Spesies Eenheid** (VDS / BSE) wat jou area bedien en kry 'n **Voorvalle boek (VB) nommer** en die rang en van by wie die diere aangemeld is.

2. **Diere van buurlande (Lesotho en ander) op openbare paaie in die Republiek.**

2.1 Elke persoon wat vanaf `n buurland vee na die RSA wil invoer, vir watse doeleindes ookal, moet vooraf aansoek doen vir `n veearts gesondheidspermit, dat die diere siekte vry is in die buurland en daarna aansoek doen by die Direktoraat Dieregesondheid in Pretoria vir die invoerpermit.

2.2 Indien dit bekend is volgens inligting of bewyse dat **diere uit 'n buurland** na die RSA ingebring is moet `n **invoerpermit,** uitgereik deur die Direktoraat Dieregesondheid in Pretoria, voorgelê kan word.

2.3 Kontak die naaste Staatsveearts en lig hom in oor die diere ingevoer sonder `n permit. Hy sal die diere kom inspekteer om vas te stel of daar siektes is om die diere in kwarantyn te plaas of nie.

2.4 Indien die **diere siektevry gevind is,** moet die **diere na die buurland teruggestuur word en nie toegelaat word om op enige veiling of ander plek in die Republiek te verkoop nie.**



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

2.5 'n **Dagvaarding** kan deur die **SAPD** aan die eienaars van die diere uitgereik word en `n saakdossier kan geregistreer word. **(Art 32(1)(m)(iii) gelees met art 6(1)(a)(b) van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet 35 van 1984) – In besit van enige dier ten opsigte waarvan 'n invoerpermit vereis word vir die invoer van diere na die Republiek van Suid Afrika.**

## HOOFSTUK 7: WET OP VEILIGHEID VAN VLEIS, WET 40 VAN 2000

**Art 7 - Verbod op die slag van diere op `n ander plek as `n geregistreerde abattoir en vrystellings**

**(1) Geen persoon mag-**

(a) `n Dier slag op enige ander plek as 'n geregistreerde abattoir nie,

(b) Toelaat dat enige dier geslag word op enige ander plek onder sy of haar beheer, tensy die plek 'n geregistreerde abattoir is, of

(c) Vleis verkoop of verskaf vir menslike en / of diere gebruik, tensy dit by 'n geregistreerde abattoir geslag is.

(2) (a) **Subartikel (1)** hierbo is nie van toepassing op slag van diere vir **eie verbruik of vir kulturele en godsdienstige doeleindes nie.**

(b) Geen vleis of diereproduk verkry van 'n dier wat geslag is soos beoog in paragraaf (a) mag aan **enige persoon verkoop word** nie.

**Regulasie 129: Slag van diere, nie in 'n geregistreerde abattoir, vir godsdienstige of kulturele doeleindes nie.**

(1) Iemand wat diere vir **inheemse godsdienstige of kulturele doeleindes** slag, moet-

(a) **Vooraf skriftelike toestemming** daartoe van die plaaslike bestuur (Munisiplae bestuurder) van die gebied waar so 'n slagting plaasvind verkry,

(b) Verkry **skriftelike toestemming** daartoe van die **eienaar van die grond** waar sodanige slagting sal plaasvind, en

(c) Verseker dat **slegs gesonde diere** geslag word.



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300

## HOOFSTUK 8: KONTAK NOMMERS

| VEEDIEFSTAL EENHEDE IN VRYSTAAT | KANTOOR TELEFOON NR | SELFOON NR |
|---|---|---|
| **PROVINSIALE KANTOOR** | | |
| **BEVELVOERDER** | | |
| Kolonel KG Mphatwe | 051 - 5076629 | 0823753138 |
| **KOORDINEERDERS** | | |
| Lt Kol R Erasmus | 051 - 5076633/051 - 5076926 | 0823722093 |
| Kaptein J Rautenbach | 051 - 5076633/051 - 5076926 | 0716825080 |
| **BETHULIE VDE** | | |
| Kaptein Simes | 051 - 7637400 | 0824667332 |
| W/O Klopper (sateliet Jacobsdal) | 051 - 7637400 | 0825252430 |
| **BULTFONTEIN VDE** | | |
| Kaptein Smit | 051 - 8639810 | 0826120112 |
| **FOURIESBURG VDE** | | |
| Lt Kol Smith | 058 - 2238322/23 | 0824668667 |
| **HEILBRON VDE** | | |
| Kaptein Groenewald | 058 - 8535271 | 0730474966 |
| **KESTELL VDE** | | |
| Kaptein Shannon | 058 - 307980/1/2/3/4 | 0824668964 |
| **LADYBRAND VDE (waarnemend)** | | |
| Kaptein Klopper | 0732829890 | 0732829890 |
| **ODENDAALSRUS VDE** | | |
| Kaptein Malete | 057 - 9162443/5 | 0823885113 |
| **PARKWEG/BLOEMFONTEIN VDE** | | |
| Lt Kol Tsoene | 051 - 4331915/6 | 0824667305 |
| **PHUTHADITJHABA/QWAQWA VDE (waarnemend)** | | |
| Sers Mofokeng | 058 - 7183101/2/3 | 0748878869 |
| **VREDE VDE** | | |
| W/O Mbongo | 058 - 9138100/1 | 0824668946 |
| **WEPENER VDE** | | |
| Kaptein Henning | 051 - 5835400 | 0833080480 |

## HOOFSTUK 9: AANHANGSELS



ONGEAG
051 444 4609 | info@vslandbou.co.za | vrystaatlandbou.co.za
4 Nobel Street, Brandwag, Bloemfontein, 9301 | PO Box 54, Bloemfontein, 9300